HOËRSKOOL RANDBURG

AKADEMIE • SPORT • KULTUUR

***SPESIFIEKE OUEROMSENDBRIEF NO 25 VAN 2019***

29 April 2019

Geagte Graad 7-Ouer / Voog

GRAAD 8 INSKRYWING VIR 2020 - AANSOEKPROSES

U het moontlik reeds dokumentasie vanaf u Laerskool ontvang, rakende die registrasieproses vir 2020. Ons vertrou dus dat u op hoogte is van die proses om u kind op die E-Platflorm te registreer.

Vind hierby aangeheg die registrasievorm vir 2020 soos benodig.

Nadat u elektronies geregistreer het op die E-Platform (www.gdeadmissions.gov.za), moet u die registrasievorm van Hoërskool Randburg wat aan u versend is, met die nodige bewyse, **binne sewed ae** by die skool inhandig. (Geen e-posse of fakse mag aanvaar word nie).

Baie belangrik is dat u, u "Username" en "Password" moet onthou, aangesien u dit weer gaan nodig hê. Druk asseblief u bewys van suksesvolle administrasie genoem "confirmation of successful registration".

Indien u enige probleme met die E-Platform ondervind, sal ons u bystaan. U is welkom om die skool te besoek vir enige bystand.

Soos wat die proses verloop, sal ons u elektronies op hoogte hou van enige verwikkelinge.

Dankie vir u spoedige reaksie om u kind se plek vir 2020 by Hoërskool Randburg te verseker.

Randjiegroete

T KNOETZE: ADJUNK HOOF